

Taakspan: Kerkverband en volhoubare gemeentebediening

Taakspanlede

Paul Grobler, James Kirkpatrick, Johan Kruger Rehan Rheeder, Cobus van Wyngaard

Agtergrond

Die moderatuur het oor die afgelope twee tot drie jaar bewus geword van skuiwe wat plaasvind m.b.t. die vergoeding van leraars. Die kontrakte van poste wat deur ringe aan die moderatuur gestuur is vir advies het al hoe meer 'n prentjie begin teken van leraars wat nie op skaal vergoed word nie. Hoofsaaklik omdat gemeentes dit nie meer kon bekostig nie.

Die vraag ontstaan oor die kerkverband se verantwoordelikheid t.o.v. die onder-skaal groep. Is dit iets wat as realiteit van die lewe aanvaar word of is daar 'n etiese verantwoordelikheid om iets daaraan te doen? Gegewe ons onderlinge verbondenheid aan mekaar (een liggaam) is dit ondenkbaar dat die situasie onkrities aanvaar word. Toegegee, dit is kompleks en het vele voetangels, maar dit vra ons indringende aandag. Dit was nie seker wie die "ons" is wie se aandag dit vra nie. Is dit ATP of is dit die moderatuur (SDR) van Noordelike Sinode? Daar is nietemin 'n taakspan in die lewe geroep o.l.v. James Kirkpatrick om daaraan aandag te gee. Vervolgens dan die verslag van die Taakspan aan die SDR.

1. Prinsipiële oorwegings

1.1. Implikasies van kerkverband

Die verhouding tussen 'n gemeente se selfstandigheid en besluite van die groter kerkverband is in hierdie gesprek van belang.

Drie opsies kan onderskei word:

1. Hiërargies. Katolieke: Alles word sentraal besluit en beheer. "Maak soos ons sê.."
2. Independent. Baptiste: Elke gemeente is volledig op sy eie. "Maak soos jy wil..."
3. Gereformeerde: Gemeente is selfstandig, maar ken groot gewig toe aan die konsensusmening van die kerkverband. Gemeente is volledig kerk, maar nie die hele kerk nie. "Ons doen dinge so..." Die "ons" is belangrik!

Die riglyne van die Algemene Sinode, as die breedste gesagsliggaam in die kerk, word "riglyne" genoem omdat dit die vermoë van die gemeente wil respekteer en nie uitgawes op gemeentes wil afdwing nie. Dit is dus nie 'n wet wat ten alle koste toegepas moet word nie, maar kan ook nie op 'n slordige wyse ignoreer word nie

1.2 Sinodale advies t.o.v. begrotings

Ten minste vier vertrekpunte:

- Gemeentes begroot nie vir 'n tekort nie. Veral nie om salarisse te betaal nie.
- Kapitaal word nie vir bedryfsuitgawes aangewend nie
- Die vermoë van die gemeente is deurslaggewend. Wat kan die gemeente bekostig om sodoende volhoubare bediening te verseker.
- Personeelkoste moet nie meer as 65% van uitgawes wees nie.

Al vier bogenoemde punte het met die volhoubaarheid van die bediening in die gemeente te doen. Dit kan die implikasie hê dat 'n gemeente nie meer die volle TKVI van 'n pos kan bekostig nie en dat leraars geen ander keuse het as om laer TKVI te aanvaar nie.

1.3 Bediening in areas waar die gemeente nie meer die vermoë het om die bediening te befonds nie.

Die kerkverband se waarde lê o.a. daarin dat die bediening sou kon voortgaan in areas waar dit duidelik nie meer deur die gemeente befonds kan word nie. Telkens moet die vraag gevra word of die onvermoë die gevolg van ekonomiese faktore of gebrekkige bediening is.

2. Gelykberegtiging tussen leraars

- Dat daar tussen leraars in een gemeente gelykberegtiging moet wees, is 'n uitgangspunt wat al telkens beklemtoon is. Gelyke werk en gelyke verantwoordelikhede vereis gelyke vergoeding. Die saak meer kompleks wanneer leraars wat in verskillende kontekste werk se vergoeding vergelyk word. Die TKVI word beïnvloed deur bv. die koste van behuising in 'n bepaalde omgewing en die lewenskoste kan ook van plek tot plek verskil.
- Die enigste differensiasie wat deur die kerk erken word, is m.b.t. jare diens. Wat die rasionaal agter 17 kerwe is, is nie duidelik nie. 'n Leraar met 10 jaar ervaring en een met 17 jaar doen meestal dieselfde werk en het dieselfde verantwoordelikhede.
- Dit is ook nie moontlik om enige meriete in die bepaling van TKVI in berekening te bring nie.
- In sommige gereformeerde kerke word differensiasie ingebou in die postestruktuur van gemeentes. So vind jy dan 'n *senior pastor* en 'n *associate pastor*. Die werk en verantwoordelikhede verskil en dit regverdig dan verskillende TKVI vir die onderskeie poste. Die leierleraar-konsep het by ons meer moeilikheid as winste meegebring

3 Empiriese ondersoek deur die taakspan

Die aanvoeling en vermoede van die moderatuur dat hier 'n probleemsituasie aan die ontwikkel is, moes getoets word. Meer as een stel data is hiervoor gebruik. Uit die ABR registrasiekodes kon vasgestel word waar daar termynposte en %-poste voorkom en dit is ook met die lidmaattal van die gemeente vergelyk. Verder is die finansiële state van gemeentes ontleed om vas te stel watter % van die gemeentes se uitgawes aan personeelkoste toegewys word. Die data is aangevul met navrae by ringe om te probeer vasstel of daar leraars is wat nie voldoende vergoed word nie.

4 Gevoltrekkings

- 4.1 Die toneel m.b.t. leraarsposte in gemeentes is besig om te verander. Termynposte en %-poste kom al hoe meer voor. Die proses word tans deur die mark gestuur en daar is nog nie genoegsaam nagedink oor postestrukture in gemeentes in 'n tyd van beperkte bronne nie.
- 4.2 Die taakspan het besef dat die aanvanklike uitgangspunt van die ondersoek (die posisie van leraars wat nie voldoende vergoed word nie) nie die beste vertrekpunt is

nie. Die vraag moet eerder wees “Is daar voldoende bediening in al die gemeentes?” Die kerkverband se besorgdheid moet gerig wees op die bediening van en deur lidmate in gemeentes. Ons kan nie bekostig dat die bediening in minder vermoënde gemeenskappe afgeskeep word nie. As ons daarop fokus, kry die posisie van die leraar en sy/haar vergoeding noodwendig aandag.

- 4.3 Met die “bediening” as fokuspunt is ons terug by die bedieningsondersteuning wat reeds deel van die Sinode se goedgekeurde fokusares is.
- 4.4 Om betekenisvolle bedieningsondersteuning aan gemeentes te gee, sal bedieningsondersteuning meer as net finansiële ondersteuning moet wees. Die hulpbronne wat in die Sinode-familie bestaan, moet maksimaal benut word om gemeentes te ondersteun.
- 4.5 As deel van die bedieningsondersteuning sal ook finansiële ondersteuning gebied moet word. Dit is hier waar die kerkverband moet help dat daar waar die getalle en bedieningsbehoefte dit regverdig, ’n 50%-pos dalk eerder ’n 100%-pos moet wees.
- 4.6 Sonder ’n sterk bedieningsondersteuningfonds sal nie veel gebeur nie. Weë moet gevind word om die fonds op te bou as ’n hulpbron wat bediening saakmakend kan ondersteun.

AANBEVELING 1

Die SDR gee opdrag aan die moderatuur om in oorleg met die relevante taakspanne aandag te gee aan die opbou van die bedieningsondersteuningfonds tot ’n fonds wat kan help dat die bediening in gemeentes volhoubaar voortgesit kan word. Aandag moet ook gegee word aan bedieningsondersteuning aan gemeentes wat meer behels as net finansiële ondersteuning.

AANBEVELING 2

Verdere besinning oor wat met “voldoende bediening in alle gemeentes” bedoel word, is nodig. Dit beteken dat ons 'n gesprek oor ons bedieningsmodel of bedienings-scenarios moet voer om langs 'n bedieningsfonds te funksioneer.